*Jana Slippers, Anské Grobler & Neels van Heerden*

# Afrikaans se unieke posisie en uitdagings in 'n veeltalige Suid-Afrika

Eerste voorlegging: 14 Julie 2007
Aanvaarding: 23 Julie 2009

As een van die 11 amptelike landstale van Suid-Afrika verkeer Afrikaans in 'n unieke posisie met verskeie uitdagings. Die geskiedenis en gebeure wat hiertoe bygedra het word oorsigtelik ondersoek om sodoende insig te kry in die huidige posisie van Afrikaans. Tans ontbeer literatuur sodanige, opgedateerde bydraes. Dit blyk dat die uitdagings van 'n veeltalige Suid-Afrika nie nuut of uniek tot Afrikaans is nie, buiten die gevolge van die apartheidsbedeling. Ten spyte hiervan het Afrikaans 'n besondere bydrae om te lewer tot die uitbou van 'n veeltalige Suid-Afrika. Navorsing oor Afrikaanssprekendes se ervaring van die dag-vir-dag-praktyk van 'n veeltalige Suid-Afrika is nodig om hierdie potensiaal te ontgin.

## The unique position and challenges of Afrikaans in a multilingual South-Africa

Afrikaans, as one of the 11 official languages of South Africa, finds itself in a unique position, facing many challenges. This overview of the history and events that lead to this position endeavours to gain insight into the current position of Afrikaans. Currently the literature lacks such an updated contribution. It appears that the challenges of a multilingual South-Africa are not new or unique to Afrikaans, except for the consequences of apartheid. Despite this legacy, Afrikaans can make a significant contribution to the further development of a multilingual South Africa. Research into the day-to-day experience of Afrikaans-speaking people in a multilingual South Africa is needed to exploit this potential.

*Me J Slippers, proff A F Grobler & C H van Heerden, Dept Bemarkings- en Kommunikasiebestuur, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002; E-pos: jana.slippers@up.ac.za*

*Acta Academica*
*2010 42(1): 132-167*
*ISSN 0587-2405*
*© UV/UFS*
*<http://www.ufs.ac.za/journals_ActaAcademica>*

SUN MeDIA
BLOEMFONTEIN

Die ontstaan en geskiedenis van Afrikaans hou ten nouste met die geskiedenis van Suid-Afrika verband. Tog het hierdie eg inheemse taal meermale sedert sy ontstaan aanleiding tot kontroversie en debatvoering gegee. Afrikaans verkeer in 'n unieke en dikwels problematiese posisie in 'n veeltalige Suid-Afrika. Die vraag ontstaan tereg wat tot hierdie posisie van Afrikaans aanleiding gegee het en of daar iets geleer kan word uit die ontstaan en ontwikkelingspad van Afrikaans tot op hede, met die oog op sy toekoms.

Literatuur oor die ontstaan, geskiedenis en toekoms van Afrikaans, en ook Afrikaans se posisie in 'n demokratiese Suid-Afrika is beskikbaar.[1] Ten spyte van 'n verskeidenheid bronne oor verskillende aspekte van die Afrikaanse taal, blyk dit by nadere ondersoek dat daar nie 'n opgedateerde oorsig is wat die ontstaan en geskiedenis van Afrikaans, parallel met ander tale en in konteks van 'n nog altyd veeltalige Suid-Afrika tot op hede beskryf nie. Die afwesigheid van so 'n raamwerk laat 'n leemte vir die effektiewe oplos van huidige vraagstukke oor die rol van Afrikaans in politieke, ekonomiese en sosiale kontekste.

Hierdie studie het ten doel om die ontstaan en geskiedenis van Afrikaans tot op hede binne 'n veeltalige Suid-Afrika in 'n gefokusde skets te sintetiseer. Deur hierdie sintese word gepoog om insig te kry oor die huidige posisie en debatte waarbinne Afrikaans en die sprekers van Afrikaans hulle bevind, en daar word gesoek na moontlike aanwysers om die huidige uitdagings rakende Afrikaans in 'n veeltalige Suid-Afrika in die toekoms aan te spreek.

Daar word na die volgende gekyk: verdeling en oorsprong van die tale in Suid-Afrika; die taalbedeling in Suid-Afrika voor en na 1994; hoe die bedelings die onderskeie taalgroepe, veral Afrikaans, raak; wie die sprekers van Afrikaans is; en die debat wat rondom Afrikaans ontstaan het.

1 Vgl Carstens 2006a & 2006b, Du Toit 2003, Giliomee & Schlemmer 2001, Giliomee 2005, Steyn 1980, Van Rensburg 2004, Webb 1992 & 2004a, Zietsman 1992.

## 1. Amptelike tale van Suid-Afrika

Volgens Webb (2002: 66) oorvleuel die elf amptelike tale — Afrikaans, Engels, Ndebele, Xhosa, Zulu, Pedi, Sotho, Tswana, Swazi, Venda en Tsonga — op demografiese en geografiese gebied, hoewel daar fokusareas bestaan. In Tabel 1 word die bevolking van Suid-Afrika volgens huistaal en rasgroepe uiteengesit. Die tabel is gebaseer op die sensusgegewens van 2001, soos gerapporteer in 2004.

Tabel 1: Huistaal volgens rasgroep: 2001

| Huistaal | Rasgroep | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | Swart | Bruin | Asiërs | Wit | |
| Afrikaans | 253 282 | 3 173 972 | 19 266 | 2 536 906 | 5 983 426 |
| Engels | 183 631 | 756 067 | 1 045 845 | 1 687 661 | 3 673 203 |
| Ndebele | 703 906 | 1 882 | 3 522 | 2 511 | 711 821 |
| Xhosa | 7 888 999 | 12 172 | 703 | 5 279 | 7 907 153 |
| Zulu | 10 659 309 | 11 397 | 2 406 | 4 193 | 10 677 305 |
| Pedi | 4 204 358 | 2 706 | 289 | 1 627 | 4 208 980 |
| Sotho | 3 544 304 | 8 566 | 250 | 2 065 | 3 555 186 |
| Tswana | 3 657 796 | 16 532 | 373 | 2 315 | 3 677 016 |
| Swazi | 1 191 015 | 2 360 | 255 | 801 | 1 194 430 |
| Venda | 1 020 133 | 852 | 114 | 658 | 1 021 757 |
| Tsonga | 1 989 062 | 1 595 | 142 | 1 409 | 1 992 207 |
| Ander | 120 369 | 6 406 | 42 302 | 48 216 | 217 293 |
| Totaal | 35 416 166 | 3 994 505 | 1 115 467 | 4 293 640 | 44 819 778 |

Bron: StatSA 2004: 11

Hierdie is tans (2009) die jongste beskikbare gegewens, hoewel projeksies tot 2006 aangetoon het dat daar nie dramatiese veranderinge sou plaasvind wat die relatiewe grootte van die onderskeie taalgroepe betref nie (Du Toit 2003: 190). Uit Tabel 1 is dit duidelik dat Afrikaans, naas Zulu en Xhosa, die derde grootste huistaal in die land is met sprekers uit al vier die rasgroepe waarna die sensusgegewens

verwys. Engels is 'n kortkop na Tswana, die sesde grootste huistaal in die land.

## 2. Oorsprong van tale in Suid-Afrika

### 2.1 Khoisantale

Webb (2002: 71) voer aan dat die eerste inwoners van die Suider-Afrikaanse subkontinent sprekers van die Khoi- en Santale was. Vandag word die tale grotendeels in Suid-Afrika se buurlande Namibië en Botswana gebruik, terwyl dit in Suid-Afrika teen 1994 feitlik uitgesterf het (Smith 2007).

### 2.2 Afrikatale

Die Afrikatale het teen 800 nC in suidelike Afrika gearriveer as deel van die Afrikataalsprekende mense se migrasie vanaf Sentraal-Afrika. In suidelike Afrika is daar ongeveer 35 Afrikatale (Webb 2002: 72). In Suid-Afrika is die Afrikatale verdeel in vier hoofgroepe, naamlik Nguni (Ndebele, Swazi, Zulu en Xhosa), Sotho-Tswana (Pedi, Suid-Sotho en Tswana), Tsonga en Venda (Webb 2002: 73).

### 2.3 Engels

Die teenwoordigheid van Engels in Suid-Afrika kom sedert die einde van die sestiende eeu voor toe Britse skepe op hulle pad na die Verre Ooste by die Suid-Afrikaanse kus gestop en met veral die Khoimense handel gedryf het (Webb 2002: 75). In 1795 het die Britte die beheer oor die Kaap by die Nederlanders afgeneem, in 1803 het hulle die beheer aan die Nederlanders teruggee, maar in 1806 finaal die beheer teruggeneem (Giliomee & Mbenga 2007: 85). Met die vestiging van die Britse Setlaars aan die Oos-Kaapse kus in 1820 en in die 1840's en 1850's in die huidige KwaZulu-Natal, het die Britte die openbare en ekonomiese terrein oorheers en daarin geslaag om hulle regering- en regstelsel en openbare waardes en norme in plek te stel (Webb 2002: 75).

## 2.4 Afrikaans

Die geskiedenis van Afrikaans is onlosmaaklik deel van die geskiedenis van Suid-Afrika en die Afrikaner. Die Afrikaanse taal het van die sewentiende eeu af aan die Kaap uit Nederlands ontwikkel en het voor die tyd nie op Europese bodem as taal bestaan nie (Ponelis 1989: 38). Die taal wat deur die Nederlanders gepraat is, het volgens Webb (2002: 74) dramatiese veranderinge en aanpassings ondergaan deur die gebruik daarvan in verskillende plaaslike gemeenskappe, veral dié van die Khoi, slawe van Wes-Afrika, Oos-Afrika en die Verre-Ooste, en ook die Franse en Duitse immigrante wat in die laat sewentiende eeu na die Kaap gekom het (vgl ook Giliomee & Mbenga 2007: 71, Roberge 1995: 68).

Webb (2002: 74) dui aan dat Afrikaans teen die middel van die negentiende eeu die *lingua franca* van die laer klas gekleurde en wit persone in die Kaapkolonie was (die huidige Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap), terwyl Nederlands en Engels die taal van die sosiale elite was en gebruik is vir hoër taalfunksies, byvoorbeeld kommunikasie met die regering.[2] Vanaf 1870 het 'n eerste en 'n tweede taalbeweging rondom Afrikaans gelei tot die erkenning van Afrikaans in 1925 as ampstaal — naas Nederlands en Engels (Carstens 2001: 10-1).

Behalwe kleiner groeperings, bestaan Afrikaans uit twee groepe moedertaalsprekers van ongeveer twee tot drie miljoen sprekers elk: die grotendeels bruin sprekers wat herkenbaar Kaapse Afrikaans praat (maar ook Standaardafrikaans kan praat), en die grotendeels wit sprekers wat herkenbaar byna Standaardafrikaans praat (Van Rensburg 1992: 185). Verskeie faktore is vir die verdeling verantwoordelik, waarvan die belangrikste waarskynlik die politieke bestel van die afgelope paar dekades en langer is waardeur Afrikaanssprekendes in verskillende bevolkingsgroepe (meesal bruin en wit), sonder veel kennis van mekaar, verdeel is (Van Rensburg 1992: 185, 192).[3]

2 Vgl 6.3 vir nog voorbeelde van hoër taalfunksies.

3 Hierdie verdeling van Afrikaanssprekendes word meer volledig in paragraaf 5 bespreek.

## 3. Oorsig van die taalbedeling in Suid-Afrika voor 1994

In die politieke bedelings voor 1994 was daar drie tale wat, op verskillende tye, amptelike status in Suid-Afrika geniet het, naamlik: Nederlands, Engels en Afrikaans. Vanaf 1652 tot 1806 is Nederlands die amptelike taal ná die vestiging van die nuwe kolonie aan die Kaap deur die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (Carstens 2004: 2). Vanaf 1806 tot 1925 is Engels die amptelike landstaal ná die herbesetting van die Kaap in 1806 deur Brittanje en mettertyd ook weer Nederlands. In hierdie tydperk was Afrikaans nog besig om as taal gevestig te word (Carstens 2004: 2). Tussen 1925 en 1948 was die staatsadministrasie, die Weermag en die radiodiens hoofsaaklik Engels, met Afrikaans wel as amptelike taal (vanaf 1925) en as 'n skooltaal, maar sonder enige werklike mag. In hierdie tydperk het die Afrikatale in Suid-Afrika geen openbare rol gehad nie (Webb 2001: 171).

Ná die politieke bewindsoorname in 1948 deur wit Afrikaanssprekende kiesers het Afrikaans spoedig die dominante taal in die openbare lewe (staatsdiens, weermag, media, kerk en onderwys) geword (Webb 2001: 171). Engels, as amptelike taal, het wel 'n groot rol in die openbare lewe bly speel, maar die politiek is grootliks in Afrikaans bedryf. Engels was in 'n groot mate ondergeskik aan Afrikaans (Carstens 2004: 2). Sedert 1961 is die Afrikatale in Suid-Afrika formeel in gereglementeerde nasionale state en selfregerende gebiede erken (Lubbe & Truter 2005: 37, Webb 2001: 171).

In 1994 kom wit oorheersing in Suid-Afrika tot 'n einde met die vestiging van 'n demokratiese regering onder beheer van swart mense, hiermee saam word elf amptelike tale op nasionale vlak aanvaar (Webb 2002: 77). Die kwessie van amptelike tale in Suid-Afrika was tydens die oorgang tot 'n volle demokratiese regeringsvorm (net soos met Uniewording in 1910) 'n kontroversiële aangeleentheid wat byna die onderhandelingsproses gekelder het (Lubbe 2001: 81, Lubbe & Truter 2005: 38). In dié verband meld Du Plessis (2000b: 103) dat die elftaalbeleid nie die nuwe swart regering, onder leiding van die African National Congress (ANC), se voorkeur was nie,

maar dat dit 'n kompromie tussen die ANC-regering se voorkeur vir Engels en die Afrikaanssprekende gemeenskap se aandrang op Afrikaans was.

## 4. Die grondwet en veeltaligheid na 1994

Die taallandskap het na 1994 drasties verander met Afrikaans en Engels wat sedertdien hulle amptelike status met nege ander tale moes deel (Carstens 2004: 16). Status- en selfs getalsgewys was dit 'n terugslag vir veral Afrikaans, maar aan die ander kant weer 'n mosie van vertroue in die vermoë van die voorheen gemarginaliseerde Afrikatale om 'n eie status te ontwikkel (Carstens 2004: 5).

Webb (2001: 169-70) voer aan dat die begrip "linguistiese pluraliteit" of veeltaligheid hierdeur gevestig is. Dit veronderstel 'n kultuur van meertaligheid wat onder meer die volgende inhou: 'n sterk sin vir verdraagsaamheid teenoor ander se tale, 'n sterk sin vir respek vir ander se eiesoortigheid, en die aanvaarding van taaldiversiteit as 'n konstruktiewe hulpbron.

Webb (2001: 170) stel dit soos volg:

> Ideaal gesien, behoort die 11 amptelike tale van Suid-Afrika in 'volkome ewewig' te bestaan, dit wil sê hulle moet werklik gelykwaardig wees, Suid-Afrikaanse burgers moet mekaar se tale ken en geen huiwering ondervind om van een oor te slaan na 'n ander in 'n gees van respek en erkenning nie, en die konflikpotensiaal wat daar dikwels in taalgemengde gemeenskappe voorkom, moet afwesig wees.

Carstens (2006b: 15) meen egter dat hierdie "uiters lofwaardige ideaal" nog baie ver van verwesenliking in die dag-tot-dag praktyk van Suid-Afrika is.

Artikel 6 van die Grondwet van Suid-Afrika het nie net vir elf amptelike tale voorsiening gemaak nie, dit bepaal ook dat dit die plig van die Regering is om die status van veral die "inheemse tale" te verhoog en hulle gebruik te bevorder; dat alle tale gelykheid van aansien moet geniet en billik behandel moet word; en dat 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) tot stand moet kom, wat toesien dat die riglyne en voorskrifte van die Grondwet eerbiedig en veeltaligheid bevorder word (Carstens 2004: 10, Van Rensburg *et al* 2001a: 16). 'n

Verdere oogmerk van Pansat is om alle inheemse taalgroepe van hulle taalregte bewus te maak, 'n uitgangspunt wat volgens Lubbe & Truter (2005: 29) impliseer dat taalgebruikers die reg het om 'n taal van hulle keuse te gebruik waar en wanneer hulle dit goedvind.

Pansat het egter met stampe en stote tot stand gekom en ontwikkel. Volgens Van Rensburg *et al* (2001a: 16) het dit private, halfstaatlike en openbare liggame, onder meer die regeringsdepartemente, nie lank geneem om Pansat as 'n tandlose waghond te beskou en te behandel nie (vgl ook Carstens 2006b :12).

Carstens (2004: 11) is van mening dat die rede vir die skynbare gebrek aan effektiwiteit van die Pansat-strukture tweeledig is, naamlik: gebrekkige finansiële steun van sowel die nasionale as provinsiale regerings, en 'n gebrek aan politieke wil om aan taal die staanplek te gee wat dit in die Suid-Afrikaanse samelewing behoort te kry. Volgens die outeur is "taal lastig vir die Regering en nie vir politici 'n dringende saak nie".

Hoewel veeltaligheid dus die hart van die Grondwet se taalbedoeling is, het dit na die inwerkingstelling van die Grondwet geblyk dat veeltaligheid nie in die praktyk in Suid-Afrika slaag nie (Carstens 2006b: 9-11). Trouens, 'n groeiende eentaligheid (na Engels) is in die geledere van die politieke, sake en onderwys-elite bespeur (Van Rensburg *et al* 2001a: 23).[4] 'n Omvattende studie is gedoen oor die taalverskuiwings sedert 1994. Die studie is onderneem deur 'n gespreksgroep, bekend as die Vrydaggroep, wat saamgestel is uit individue met belangstelling in taal van oor die hele Afrikaanstalige gemeenskap (Van Rensburg *et al* 2001b). Die studie het tot die volgende slotsom gekom:

> Dit bevestig die getuienis wat prakties op elke terrein wat in die hierdie projek ondersoek is, gelewer is:
>
> - die disproporsionele deel van die koek waaroor Engels beskik,
> - die sistematiese afskaling van Afrikaans, en
> - die onsekerheid waarin die Afrikatale hulle bevind, onder meer vanweë die geloof van soveel van hulle gebruikers dat hul tale nie oor die vermoë beskik om die hoogste funksievlakke te behartig nie.

4 Vgl soortgelyke menings deur De Kadt 1996: 188, Lubbe & Truter 2005: 29, Webb 2002: 83.

In al drie die opsigte gaan dit egter om een en dieselfde oorsaak: dat daar veral van regeringskant nie genoeg erns gemaak is en word met die Grondwet se riglyne in verband met taal nie (vgl ook Carstens 2006b: 13, Scholtz 2007b: 15). In aansluiting hierby meld Lubbe & Truter (2005: 38) dat die erkenning van taalregte as basiese mensereg nie veel beteken as dit nie deur wetgewing van 'n betrokke land gewaarborg word nie. Die outeurs verwys in dié verband na onder meer België en Kanada waar die aangeleentheid met daadwerklike erns deur hulle regerings aangespreek word (vgl ook Scholtz 2008: 16).

Vervolgens word elkeen van die bogenoemde drie aspekte, naamlik; die bevoorregting van Engels, die ontmagtiging van Afrikaans, en die verwaarlosing van die Afrikatale kortliks in oënskou geneem.

## 4.1 Bevoorregting van Engels

Die genoemde verslag aangaande die taalverskuiwing sedert 1994 deur die Vrydaggroep is uitgesproke oor die bevoorregting van Engels wat "onmisverstaanbaar oor die Regering se hantering van die land se taalboedel geskryf [is]" (Van Rensburg *et al* 2001b: 65; vgl ook Kotzé 2006a: 6, Slabbert 2007). Webb (2004a: 101) stel dit dat Engels in Suid-Afrika byna onaantasbaar sterk is. Die skynbaar gebrekkige vermoë van Pansat om as waghond vir die taalbeleid in Suid-Afrika op te tree is, volgens Van Rensburg *et al* (2001a: 20), die eerste en moontlik die grootste bydraende faktor wat die eentaligmaking van die land aangehelp het.

Die proses van bevordering van Engels tot hoof-amptelike taal van die land, is in die tweede plek vergemaklik met gebruikmaking van veral twee stellings, naamlik: dat Engels 'n internasionale taal is en dat almal Engels verstaan (Van Rensburg *et al* 2001a: 21, 30). Dit is nie binne die omvang van hierdie artikel moontlik om die juistheid van die genoemde stellings te toets of te bevraagteken nie. Wat van belang is, is dat hierdie twee oortuigings, volgens Van Rensburg *et al* (2001a: 30), herhaaldelik deur top regeringspersone en ander hoëprofielfigure gebruik is.

'n Derde motivering (waarvan die geldigheid ook bevraagteken kan word) vir die bevoorregting van Engels is dat dit die enigste nie-

Afrikataal is, wat gevolglik los van die "interne taalkonflikte" in die land is en daarom 'n sogenaamde "neutrale taal" is (Gouws 1996: 22, Van Rensburg *et al* 2001a: 22). Verdere redes vir die neiging na eentaligheid in die land sou volgens die verslag die volgende kan wees: die administrasie van een taal is vir die regering veel makliker as elf tale, die regering beskou ander sake waaraan aandag gegee moet word, as belangriker as taal, en die uitvoering van die Grondwet se taalriglyne is vir die regering te duur (Van Rensburg *et al* 2001a: 22, 23).

Gegrond op 'n inhoudsontleding van mediaberigte wat gaan oor Afrikaans, bevind Lubbe (2001: 86) grootliks dieselfde motiverings vir die neiging na eentaligheid in Suid-Afrika. Volgens die outeur word die gebruik van Engels dikwels vanuit 'n sogenaamde praktiese oorweging geregverdig, hetsy om in pas met die nuwe Suid-Afrika te wees, of bloot omdat die gebruik van een taal geriefliker is as byvoorbeeld drie tale wat op 'n produk of brosjure aangebring moet word (vgl Carstens 2006b: 3-4). Afrikaanssprekendes se versoek om wel Afrikaans te ontvang word dan as emosioneel en onprakties afgemaak. Brand (2004: 91) dui ook aan dat die belang van taalbeskerming en veeltaligheid in Suid-Afrika dikwels teen die ekonomiese waarde van vaardigheid in Engels afgespeel word. Volgens die outeur is die rede hiervoor dat die politieke ekonomie van Suid-Afrika tans so gestruktureer is dat dit inderdaad diegene beloon wat Engels goed praat en verstaan.

Du Plessis (2000a: 22) huldig 'n soortgelyke mening en stel ook dat sedert die instelling van die elf amptelike tale, Afrikaans (en van die ander amptelike tale) meermale moes terugstaan vir Engels uit sogenaamde "praktiese oorwegings". Die gebruik van slegs Engels word dikwels geregverdig met stellings soos "om in te pas by die veranderde Suid-Afrika". Afrikaanssprekendes word meermale opgeroep tot "verdraagsaamheid", "realisme en aanvaarding" en "om nie emosioneel oor die saak te wees nie". Ook diegene uit Engelssprekende geledere, wat die belang van Afrikaans erken, wys daarop dat dit die internasionale neiging is om Engels as die hoof *lingua franca* te erken, aangesien Engels oor menige etniese en taalgrense heen beweeg het en wyd gebruik en verstaan word.

## 4.2 Ontmagtiging van Afrikaans

Teenoor Engels wat onaantasbaar sterk is, staan Afrikaans wat sedert 1994 byna al sy mag verloor het (Eloff 2007: [4], Webb 2004a: 101). Uit die Vrydaggroep se ondersoek blyk dit dat Afrikaans op die terreine van regering en administrasie, parastatale liggame, regswese, wetenskap en tegnologie, media en kommunikasie, onderwys, sport en ontspanning, en die sakewêreld dramatiese afskaling beleef het (Van Rensburg *et al* 2001b). Hierdie mening word ook deur Carstens (2006b: 9), Carstens (2007a: 9), Giliomee (2001: 15) en Van Coller (2006: 3) gehuldig. Die stiefbehandeling van Afrikaans is volgens Van Rensburg *et al* (2001a: 30) en Van Rensburg (2007: 5) die huidige regering se manier om die Afrikaner te straf vir die apartheidsbedeling en juis deur die Afrikaner se taal van sy voormalige amptelike funksies te stroop. Hierdie marginalisering van die Afrikaner (en dus Afrikaans) is volgens kenners ook aanwesig in die huidige geskiedskrywing oor Suid-Afrika. Deelnemers aan die twaalfde Geskiedenisberaad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het tot die gevolgtrekking gekom dat die Afrikaner nie 'n plek in die nuwe geskiedenis van Suid-Afrika kry nie — buiten dié van sondaar en skurk. Tydens die beraad het Hermann Giliomee aangevoer dat die Afrikaner gemarginaliseer is in geskiedskrywing, aangesien Engelse en swart geskiedskrywers weier om te erken dat die Afrikaner 'n sentrale rol in die geskiedenis gespeel het (Rademeyer 2006b: 17).

Hoewel Afrikaans as taal wel 'n groot en positiewe rol in die ontwikkeling van Suid-Afrika gespeel het sedert die land se vestigingsjare, het die politieke tydperk van 1948 tot 1994 (toe die Afrikaners die politieke beheer in Suid-Afrika gehad het) inderdaad daartoe bygedra dat Afrikaans die etiket van "taal van die onderdrukker" gekry het — 'n stigma waarvan Afrikaans steeds sukkel om ontslae te raak (Carstens 2006b: 6, Cloete 1992: 42, Van Rensburg 1993:17). Afrikaans word deur baie Suid-Afrikaners as 'n apartheidsimbool beskou en ook vir politieke ideologieë uit die apartheidsera verantwoordelik gehou. Die apartheidstigma kan waarskynlik as Afrikaans se enkele grootste vyand uitgewys word (Van Rensburg 1992: 193-4). Danny Titus, uitvoerende hoof van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging, is egter van mening dat Afrikaans hom nou al moet kan losmaak

van die etiket van 'n onderdrukkerstaal en dat dit onregverdig is dat Afrikaans steeds die etiket moet dra (Leyden 2008: 48).

Dit is veral die Soweto-opstande van 1976 wat die beeld van Afrikaans baie negatief beïnvloed het. Op 16 Junie van die jaar het swart skoliere in Soweto gesterf as gevolg van polisiekoeëls tydens 'n protesoptog teen onderrig deur die medium van Afrikaans. Hierdie gebeure het 'n groot rol in die ontvouing van die politieke proses in Suid-Afrika ná 1976 gespeel (Carstens 2004: 2, Pienaar 2004: 133). Al twee die outeurs wys egter daarop dat Afrikaans as taal die blaam moes dra vir foute wat sprekers van die taal op politieke vlak gemaak het. En dat Afrikaans slegs één van die redes was (naas onder meer die opbouende frustrasie oor die regering se apartheidsbeleid) wat die opstande laat ontvlam het en nie die primêre rede daarvoor nie, soos dikwels te kenne gegee word (Carstens 2004, Pienaar 2004), vgl ook Leyden 2008: 48). Wat belangriker is, is die feit dat die Soweto-opstande op 'n dramatiese wyse getoon het hoe sentraal taal in die nasionale gebeure van hierdie land staan (Webb 2002: 5).

Verder het die Waarheid- en Versoeningskommissieverhore, met veral Afrikaanssprekendes in die beskuldigdebank, volgens Du Toit (2002: [4]) onvermydelik die persepsie oor Afrikaans as 'n "onregmatig bevoordeelde taal" en "taal van die onderdrukker" versterk. Verskeie outeurs is dit wel eens dat die keuses wat die Afrikaner in die verlede uitgeoefen het met betrekking tot magsmisbruik of ten gunste van sekere kulturele en identiteitswaardes nie die Afrikaanse táál ten laste gelê behoort te word nie (Erasmus 2003: 97, Van Rensburg 1992: 193, Van Rensburg *et al* 2001a: 30-1).

## 4.3 Verwaarlosing van Afrikatale

Die Vrydaggroep se verslag oor die taalverskuiwing sedert 1994 dui aan dat die verwaarlosing van die Afrikatale kontakpunte het met die verontregting van Afrikaans omdat albei as gevolg van die bevoorregting van Engels die status van gemarginaliseerde tale beklee (Van Rensburg *et al* 2001b: 66).[5] Verder verloop die proses van

5 Vgl soortgelyke menings van Maartens 1995: 161, Rademeyer 2006c: 7, Webb 2002: 83

ontwikkeling van die Afrikatale baie traag en wil dit voorkom of dit die Regering se houding is dat die Afrikatale eintlik net huistale sal wees omdat hulle sprekers tevrede daarmee is dat hoëre funksievlakke beter in Engels behartig kan word (Van Rensburg *et al* 2001b: 66-7, vgl ook Carstens 2006b: 9).

In die verslag oor taalverskuiwing sedert 1994 (Van Rensburg *et al* 2001b) word bevind dat daar in die eerste ongeveer sewe jaar van 'n sogenaamde veeltalige Suid-Afrika 'n klimaat of gees in die breë gemeenskap sigbaar geword het, wat die volgende oortuigings en aanvaardings weerspieël:

- Veeltaligheid is 'n mooi ideaal, maar dit kan nie prakties toegepas word nie.
- Die maklikste oplossing vir die taleverskeidenheid in Suid-Afrika is om een enkele amptelike taal, Engels, as lingua franca te kies, terwyl die ander tale die vryheid het om huistale te wees of te word (vgl in dié verband Giliomee & Schlemmer 2001: 3).
- Die Afrikataalgemeenskappe stel nie werklik daarin belang dat hulle tale hoëfunksietale moet wees nie, Engels word vir hierdie doel aangewend.
- Afrikaans is nie 'n betalende taal nie omdat dit as gevolg van die afskaling daarvan nie meer ekonomiese waarde het nie.

Dit is nie alleen in Suid-Afrika waar huiwerigheid om minderheidstaalregte te erken bestaan nie (Lubbe & Truter 2005: 33). Volgens die outeurs is die huiwering, wat by vele nasiestate voorkom, op reeds gemelde mites gegrond, naamlik: dat eentaligheid bevorderlik vir ekonomiese groei is en dat minderheidsregte 'n bedreiging vir die nasionale eenheid van 'n nasiestaat is. Lubbe (2001: 116) is egter van mening dat meertaligheid in Suid-Afrika as 'n gegewe aanvaar moet word en dat eentaligheid (na Engels) die belang van Afrikaans (en ander minderheidstale) as moedertaal, brugbouer, bemagtigingsfunksie, kulturele bate, ekonomiese hulpbron, vak- en wetenskaptaal en godsdienstaal geheel en al ontken (Lubbe 2001: 117).

Naas Afrikaans se uitdagings om die etiket van apartheidstaal af te skud en om die ooglopende afskaling wat Afrikaans sedert 1994 te stuit, is 'n volgende uitdaging om die verdeelde Afrikaanse taalgemeenskap te verenig as 'n inklusiewe taalgemeenskap. In die vol-

gende afdeling word die faktore wat aanleiding tot die verdeelde Afrikaanse taalgemeenskap gegee het, in oënskou geneem.

## 5. Verdeelde Afrikaanse taalgemeenskap

Soos aangetoon in Tabel 1 is die Afrikaanssprekende taalgemeenskap 'n verdeelde groep met sprekers uit al vier rasgroepe van Suid-Afrika, naamlik: wit, bruin, swart en Asiërs. Dit blyk verder uit Tabel 1 dat wit en bruin sprekers verreweg die grootste van die vier bevolkingsgroepe is. In die lig hiervan en, aangesien daar by swart en Asiërgemeenskappe 'n groter aantrekkingskrag na Engels is (Penstone 2002: 13), word daar in hierdie artikel op wit en bruin Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners gefokus.

Volgens Steyn (1980: 120, vgl ook Nel 2007: 4, Wyngaard 2007a: 17) was kleur en geskiedenis die verdelende faktore sedert die ontstaan van die Afrikaanse taalgemeenskap, met wit Afrikaanssprekendes as die bevoorregte groep terwyl bruin Afrikaanssprekendes nie voorheen die regte en status van wit mense kon verwerf nie. Verder is Afrikaans ook as etnies gesien, want met Afrikaans is uitsluitlik na Standaardafrikaans verwys, wat hoofsaaklik deur wit sprekers gebruik is. Die Afrikaans van die bruin sprekers (Kaapse Afrikaans) is nie beskou as deel van Afrikaans nie en daar is ook nie iets gedoen om Afrikaans onder hulle uit te bou of op te hef nie (Webb 1998: 48, Zietsman 1992: 203).

Apartheid, met die klem op gedwonge groepslidmaatskap het, volgens Giliomee (2005: 277), die konsepte van Afrikaner-wees en Afrikaans erg verpolitiseer en dit meer "rasgebaseerd" as "kultuurgebaseerd" gemaak. Die outeur dui aan dat, volgens meningsopnames van die vroeë 1990's, die ras-element in Afrikaneridentiteit die taal- en kultuurelement sterk oorheers Afrikaners was dus in hul selfkonsep eerder wit as Afrikaans. Tradisioneel word na wit Afrikaanssprekende persone as Afrikaners verwys. Korf (1998: 38) beskou die grense van hierdie term (Afrikaner) egter as besonder onduidelik, aangesien sommige van mening is dat almal wat Afrikaans as moedertaal het in die groep tuishoort, terwyl ander die addisionele afbakening van ras insluit, wat dan bruin (ook swart en Asiër) persone uitsluit. In dié verband meld Steyn (1988: 15) en Zietsman (1992: 204) dat daar sedert die jare

sestig pogings aangewend is om die betekenis van Afrikaner uit te brei sodat dit alle Afrikaanssprekendes insluit — die adjektief "bruin" is dan meestal voor die naam geplaas. Ten spyte hiervan was die algemeenste betekenis van Afrikaner nog altyd wit Afrikaanssprekendes (Cloete 1992: 42, Steyn 1988: 15). Giliomee (1992: 361) toon aan dat die meerderheid wit Afrikaanssprekendes reeds in 1970 aangedui het dat hulle Afrikaanssprekende bruin mense as Afrikaners beskou. Die politieke en kulturele Afrikanerelite het egter in die verlede hierdie inklusiewe definisie teengestaan, terwyl bruin intellektuele enige assosiasie met die Afrikaner verwerp het. Verskeie opinieleiers stel tans die verwydering van die ras-element uit die begrip Afrikaner as 'n voorwaarde vir die oorlewing van die Afrikaner (Eloff 2007: [5], Phosa 2007: 15, Scholtz 2007a: 14).

Uit resente koerantberigte en lesersbriewe is dit duidelik dat daar steeds in die Afrikaanssprekende geledere debatvoering bestaan oor die mate waartoe bruin en wit Afrikaanssprekendes as 'n verenigde taalgemeenskap in 'n demokratiese Suid-Afrika kan of wil optree en verder ook hoe hierdie groepering(s) hulleself moet noem.[6] Hoewel 'n breedvoerige ondersoek na hierdie aspekte nie die doel van hierdie artikel is nie, word enkele relevante aspekte rondom wit en bruin Afrikaanssprekendes kortliks uitgelig.

## 5.1 Wit Afrikaanssprekendes (Afrikaners)

'n Universele definisie van die Afrikaner bestaan waarskynlik nie, aangesien die definisie grootliks bepaal word deur die beskouings van diegene wat dit formuleer (Korf 1998: 56). In 'n poging om meer inklusief te wees, word dikwels van alternatiewe woordkeuses of verbuigings soos "Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners" en "Afrikaanses" gebruik gemaak (II & SD 2001: 8). Verder kan wit Afrikaanssprekendes (of dan Afrikaners) beswaarlik as 'n homogene groep beskou word (Cloete 1992: 42, Scholtz 2007a: 14). Serfontein se beskouing hieroor is soos volg:

6 Vgl Gaum 2007: 15, Goosen & Rossouw 2007: 21, Rossouw 2007: 2, Van der Merwe 2007a: 6, Van der Rheede 2007: 21, Van Rensburg 2007: 5, Wyngaard 2005: 14, 2007a: 17 & 2007b: 20.

> Afrikanerdom of die Afrikanervolk of die Afrikaner bestaan nie langer as 'n afsonderlike, identifiseerbare groep nie. Daar is eerder verskillende groepe of fragmente Afrikaners of Afrikaanssprekende wittes. Sommige beskou hulleself as die Afrikanervolk, of bloot as Boere, ander beskou hulleself as Suid-Afrikaners en ander is weer Afrikaanssprekende Afrikane (Cloete 1992: 43, vgl soortgelyke menings van Eloff 2007: 1-2, Korf 1998: 56-8).

In 'n omvattende marknavorsingstudie deur Impact Information & Strategic Diagnostics oor wie die Afrikaner is, is bewys dat daar nie 'n stereotipe Afrikaner bestaan nie, trouens Afrikaners skram juis daarvan weg om gestereotipeer te word (II & SD 2001: 8,10).

Die kwessie van Afrikaneridentiteit kan egter nie bloot as 'n uitgediende term uit die verlede afgemaak word nie (Cloete 1992: 43). In dié verband meld Giliomee (2004) dat daar in die wit Afrikaanssprekendes se geledere diegene is wat heeltemal van die term "Afrikaner" ontslae wil raak en diegene wat nuwe inhoud en definisie daaraan wil gee (vgl soortgelyke menings van De Vries 2007: 52, Eloff 2007). Die term Afrikaner is dus in wese kompleks omdat al die sprekers van Afrikaans nie sommer goedsmoeds met die moontlike bagasie van sommige Afrikaners belas kan of wil word nie (Van Rensburg 1993: 60).

De Wet (2004) dui aan dat die Afrikaanse taal sedert 1875 sentraal in die ontwikkeling van die sogenaamde Afrikaner se kultuurlewe gestaan het. Die Afrikaner se kultuurverenigings het egter net een deel van die Afrikaanse taalgemeenskap, naamlik die wit sprekers, bedien (De Wet 2004: 72). Die Afrikaanse taal is beskou as vernaamste onderskeidende kenmerk vir Afrikanerskap (De Wet 2004: 69, Swart 1987: 23, Zietsman 1999: 40). Senekal (1998: 90) stel dit sterker deur op te merk dat die handhawing van Afrikaans noodsaaklik is, omdat die identiteit van die Afrikaner en die kulturele volksbestaan van die Afrikaner ten nouste met die dryfkragfunksies van die Afrikaanse taal saamhang (vgl ook Webb 1998: 49). Daarom dat die politieke veranderinge sedert 1990 deur baie Afrikaners as 'n direkte bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans en dus Afrikaners beskou is (Webb 1998: 49).

Theuns Eloff van die Noordwes-Universiteit beskou Afrikaners en Afrikaanses as terme wat "twee kante van dieselfde munt" uitbeeld.

Verder behoort daar volgens Eloff (2007: 2), nie in die semantiek van Afrikaners en Afrikaanses verval te word nie, maar behoort daar ruimte vir albei terme te wees. In 'n poging om met 'n "nuwe" tipering van Afrikaners vorendag te kom, voer Eloff aan dat 'n eendimensionele siening van die Afrikaner, of taal as enigste onderskeidende kenmerk, nie slaag nie. In dié verband stel Eloff (2007: 4) voor dat Afrikaners en Afrikaanses hulself moet tipeer in terme van eenheid (houding en gesindheid teenoor die demokratiese Suid-Afrika) en verskeidenheid (waardering vir die Afrikaanse taal en kultuur in sy wydste vorm). Hierdie twee fasette van taal- en kultuurbewustheid aan die een kant en verbondenheid aan die demokratiese Suid-Afrika aan die ander kant, bied 'n matriks waarbinne vier tiperings van Afrikaners na vore kom. Hieruit volg dan dat daar nie meer 'n eksklusiewe groep "ware Afrikaners" behoort te wees nie, maar dat 'n verskeidenheid van politieke standpunte, geloofstandpunte en kultuurstandpunte deur die begrip Afrikaner omsluit kan word (Eloff 2007: 5).

Ten slotte beskou Du Toit (2000: 12) die debatvoering van allerlei aard oor die Afrikaner juis as 'n aanduiding dat sogenaamde Afrikaners besig is om uit 'n posisie van passiwiteit te beweeg. De Beer (Korf 1998: 366) verwys ook na hierdie passiwiteit en apatie wat in die laat 1990's by Afrikaners te bespeur was. In dié verband kan genoem word dat wit Afrikaanssprekendes veral oor die afgelope twee dekades die hand in eie boesem gesteek het en stelselmatig elke aspek van die Afrikanerdom ontleed het. Heelwat pleidooie vir vergifnis, aanvaarding, maar ook vir hoop vir die toekoms en 'n inklusiewe benadering tot veral Afrikaans as spreektaal het opgegaan. Hierdie uitreik is veral op die bruin Afrikaanssprekendes gerig wat, sedert die vroegste tye aan die Kaap, Afrikaans gepraat het (Van Rensburg 1993: 18, 62).

## 5.2 Bruin Afrikaanssprekendes

Die geskiedenis van bruin mense in Suid-Afrika toon 'n hegte band met die Afrikaner, wat teruggaan tot minstens 1652 (Van der Ross 1997: 13). Volgens die outeur is dit juis die Afrikaanse taal wat die twee groepe met mekaar deel, aangesien beide groepe daartoe bygedra het (vgl ook Lloyd 2002: 15). Apartheid het wel veroorsaak dat

bruin mense van die Afrikaner vervreem geraak het en dat min bruin mense hulleself Afrikaners noem, maar tog is verwerping van Afrikaners as sodanig nie kenmerkend van bruin mense as geheel nie.[7]

Die direkte gevolg van apartheid en wit Afrikaanssprekendes se uitsluiting van bruin Afrikaanssprekendes is, volgens Scholtz (2007b: 15), dat bruin Afrikaanssprekendes hul taal histories slegs as 'n kommunikasiemiddel gesien het en dat veral die middelklas Engels as die taal van die toekoms ervaar het en daarom in groot getalle verengels het. "Selfs dié wat Afrikaans wél wou koester, kon hulself emosioneel nie sover bring om 'n 'taalstryd' te steun nie," beweer Scholtz (2007b: 15).

Tog word meermale kommer oor die groeiende arm, ongeletterde bruin en swart Afrikaanssprekendes, wat nie Engels praat nie, uitgespreek. Juis hierom is die volhoubaarheid van Afrikaans op skool- en tersiêre onderrigvlak en televisie volgens die skrywer Abraham Philips, "noodsaaklik om duisende arm bruin en swart Afrikaanssprekendes uit hul moeras van ellende te trek". Volgens die skrywer is dit skokkend dat niemand sigbaar teen die taalonreg wat teenoor Afrikaanse bruinmense op die platteland gepleeg word, opstaan nie (Malan 2006: 11, vgl ook Giliomee 2005: 280, Lloyd 2002: 15).

Ten spyte van teenstrydige menings is bruin Afrikaanssprekendes onmiskenbaar deel van die Afrikaanse taalgemeenskap. Van der Ross (1997: 13, vgl ook Malan 2007) voer aan dat Afrikaans inderdaad die taal van bruin mense is. Hierdie stelling word sigbaar ondersteun deur bruin Afrikaanssprekende intellektuele soos Neville Alexander en Jakes Gerwel, wat volgens Hermann Giliomee, in 'n kritieke tyd vir Afrikaans as onderrigtaal op tersiêre vlak in die bresse getree het. Giliomee voer ook aan dat daar in die afgelope 15 jaar radikaal anders oor Afrikaans begin praat is en dat die mense wat die voortou hierin geneem het nie die wit Afrikaanssprekendes is nie, maar bruin en swart intellektuele soos Alexander en Gerwel (Maarman 2007: 6). Verder word daar uit die geledere van bruin Afrikaanssprekende intellektuele 'n beroep op politieke leiers van Suid-Afrika en Afrikaanssprekendes gedoen om deur middel van gesprekvoering by

7 Vgl Gaum 2007: 15, II & SD 2001: 8, Scholtz 2007a: 14 & 2007b: 15, Van der Ross 1997: 13, 14.

oplossings uit te kom oor die sake wat Afrikaanssprekendes na aan die hart lê, naamlik: taalkwessies, plek- en straatname, vakansiedae en geloofsake (Sidego 2007). Giliomee (Lubbe 2001: 81) wys ook daarop dat bruin Afrikaanssprekendes se ongekwalifiseerde toeëiening van Afrikaans, gewis Afrikaans se basis en politieke legitimiteit dramaties verbreed het.

Net soos die identiteit van wit Afrikaanssprekendes voortdurend in oënskou geneem word, word die identiteit van bruin Afrikaanssprekendes en waar presies hulle binne 'n demokratiese Suid-Afrika en as deel van die Afrikaanse taalgemeenskap inpas, deur lewendige debatvoering en besprekings in onder meer die Afrikaanse koerante gekenmerk.[8] In Julie 2008 het 'n burgerlike organisasie, die Bruin Belange Inisiatief uit bruin geledere tot stand gekom, met die doel om bruin mense aan te moedig om hulself te bemagtig en om te sorg dat die moontlikhede wat die Suid-Afrikaanse ekonomie bied, ook aan bruin mense beskikbaar gestel word (*Rapport* 2008).

## 6. Debat oor Afrikaans

### 6.1 Oorsprong van die debat

Gesprekke en debattering oor die posisie van Afrikaans, spesifiek uit die geledere van Afrikaanssprekendes, het reeds in die vroeë 1980's begin en nie eers teen die vroeë 1990's nie (Carstens 2004: 3). J C Steyn se bekroonde boek *Tuiste in eie taal* (1980) het die gesprek oor Afrikaans aan die gang gesit en dit was duidelik dat daar veranderinge sou moes kom om Afrikaans se posisie, na die demokratisering van Suid-Afrika, te handhaaf (vgl ook Senekal 1998: 90). Nog 'n belangrike boek oor die toekoms van Afrikaans het in 1984 verskyn, naamlik Prinsloo & Van Rensburg se *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Uit titels van hoofstukke uit die werk blyk dit duidelik, volgens Carstens (2004: 3), dat daar toe reeds bekommernis oor die toekoms van Afrikaans in 'n verwagte nuwe politieke bedeling bestaan het: "Die oorlewing van Afrikaans", "Afrikaans binne meertalige verband", "Stand van die Afrikaanse taal:

8 Vgl Brand 2004: 88, Rooi 2007, Van der Merwe 2007a: 6, Van der Ross 1997: 13.

tans en in die toekoms", "Gesindhede ten opsigte van taal in die onderwys in Suid-Afrika", "Die handhawing van Afrikaans", "Afrikaans: die pad vorentoe". In die vroeë 1990's dra Zietsman se boek *Die taal is gans die volk*, met die subtitel *Woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*, ook tot die Afrikaanse taaldebat by (Zietsman 1992).

Die gesprekke sedert 1980 oor die toekoms van Afrikaans het reeds 'n groeiende bewuswording onder Afrikaanssprekendes vertoon van meer as net twee tale (Afrikaans en Engels) se regmatige aandeel aan die Suid-Afrikaanse taalopset (Van Rensburg 1992: 183). Tog is gesprekke in hierdie tyd ook gekenmerk deur bekommernis oor die behoud of nie van taalfunksies wat die ampstale, veral Afrikaans, verkry het (Van Rensburg 1992: 183).

## 6.2 Derde Taalbeweging

Die verandering van Afrikaans se grondwetlike posisie in 1994 is gekenmerk deur 'n debat (of stryd) rondom Afrikaans wat deur sommiges as die Derde Taalbeweging beskou word (De Kadt 1996: 189, Kriel 1997: 75). In dié verband wys Carstens (2001: 8) egter daarop dat die betekenis van 'n taalbeweging en die hoeveelheid taalbewegings in Afrikaans 'n debat op sy eie is. Kriel (1997: 75) bevestig wel dat die oorsprong van die huidige taaldebat verder terug as 1993 lê en dat dit met die antisipering van die einde van apartheid verhewig het. Volgens J C Steyn is die Derde Taalbeweging wel reeds aan die gang en is die doel daarvan om die ongunstige en negatiewe prosesse wat Afrikaans bedreig, te stuit (Gericke 2006: 2). Webb (2004b: [7]) is egter van mening dat die debat oor Afrikaans op 'n betreklik lae vlak gevoer word. Die outeur stel voor dat enige strategie om Afrikaans te bevorder, gebaseer moet word op 'n geldige raamwerk vir taalbevordering, en op feite en nie emosies nie.

Die Afrikaanse taaldebat word veral gevoer op die internet, in Afrikaanstalige koerante en tydskrifte, radio (Radio Sonder Grense), televisie (veral die digitale satellietkanaal, KykNET), en in sommige akademiese joernale (Alant 2007, Brand 2004: 87, De Kadt 1996: 185, Kriel 1997: 75). Op die literêre webruimte *LitNet* (2006) is 'n toegewysde taaldebatskakel waar onder meer artikels, referate, menings en kennisgewings wat met die Afrikaanse taaldebat verband

hou, gevind kan word. Volgens Carstens (2004: 6) en Kriel (1997: 75) is die posisie van Afrikaans die afgelope jare feitlik daagliks 'n onderwerp van lewendige bespreking in veral Afrikaanse dagblaaie, hetsy in lesersbriewe, redaksionele kommentaar, berigte of artikels. Buiten debatvoering oor die sogenaamde identiteit van wit en bruin Afrikaanssprekendes sluit onderwerpe onder meer die volgende in:

- Afrikaans as onderrigtaal op skool.[9]
- Afrikaans as onderrigtaal op tersiêre vlak.[10]
- Afrikaans as studierigting op tersiêre vlak (Steyn 1997: 8, Van der Merwe 2007b: 8).
- Skending van Afrikaanstaalregte op nasionale en plaaslike regeringsvlak en by professionele liggame (Carstens 2007b: 7).[11]
- Verandering van Afrikaanse plek- en straatname (Dawie 2007b: 18, Du Plessis 2007: 16, Rademeyer 2005: 6).
- Afrikaans se toekoms in Suid-Afrika (*Beeld* 2007, Bezuidenhout 2007).
- Afrikaans se rol om veeltaligheid in Suid-Afrika te help bevorder (Stone 2007, Wyngaard 2006: 18).

## 6.3 Afrikaans se posisie teenoor ander taalgroepe

Carstens (2006a: 17-8) sit drie belangrike argumente, wat in die debat oor Afrikaans gebruik word om Afrikaans se posisie ten opsigte van ander taalgroepe in Suid-Afrika te bepaal, soos volg uiteen:

- Die getalle-argument

Soos gemeld is Afrikaans die derde grootste moedertaalsprekersgroep in Suid-Afrika (ongeveer 14%), naas Zulu (ongeveer 22%) en Xhosa (ongeveer 18%). Op grond hiervan behoort Afrikaans getalsgewys bó Engels as taal gereken te word. Dit blyk wel, volgens Carstens (2006a: 18) dat Afrikaans demografiese verliese begin lei vanweë 'n laer geboortesyfer en die effek van emigrasie op veral die Afrikaanse bevolking (vgl 'n soortgelyke mening deur Steyn 2001: 130).

9 De Vries 2004: 3, Kotzé 2007, Moedertaalonderrig kardinaal 2006, Rademeyer 2007a, Versluis 2005.

10 Du Toit 2005: 2; Du Toit 2007: 18, Giliomee 2007: 12, Maarman 2007: 6, O'Connor 2006, Rademeyer 2006a: 8 & 2006c: 7, Van der Rheede 2006: 19.

11 Claassen 2007: 2, Dawie 2007a: 18, Fredericks 2007: 1, Janse van Rensburg 2007: 8.

- Die funksie-argument

Scholtz (2001: 10) en Steyn (1980: 15-8) gee 'n aantal funksies wat 'n taal behoort te hê om behoue te bly, naamlik: die taal moet tuis gepraat word; die taal moet 'n letterkundige funksie hê en juis 'n skriftelike weergawe daarvan; die taal moet wetenskaplike en akademiese funksies hê (met ander woorde onderwys op verskeie vlakke); die taal moet ekonomiese nut hê (mense moet dus die taal kan gebruik in die werksplek en wanneer hulle sake doen), en die taal moet 'n regeringstaal wees (mense moet in hulle taal met die regering kan kommunikeer). Sou enige van die funksies ingeboet moet word, skep dit probleme. Anders gestel, sodra een funksie verlore gaan, kan dit tot ander funksies se afname en uiteindelike verval lei. Carstens (2006a: 18) voer aan, dat in die lig hiervan, die strewes van sogenaamde taalstryders sin maak.

- Die gesindheidsargument

Volgens Carstens (2006a: 18) is die houding wat nie-Afrikaanssprekendes teenoor Afrikaans het, bepalend vir die taal se pad vorentoe. Die outeur dui ook aan dat die realiteit van die stigma van Afrikaans as "taal van die onderdrukker" 'n bepalende invloed op die houding het. Carstens (2006a: 18) stel voor dat die volgende vrae gestel word: Hoe voel mense oor Afrikaans en veral oor die sprekers van Afrikaans? Watter beeld projekteer politici en openbare figure oor Afrikaans na buite? Watter beeld kom oor Afrikaanssprekendes na vore in publikasies? Watter bydraes het Afrikaanssprekendes gemaak om van die Nuwe Suid-Afrika 'n sukses te maak?

Vir die Afrikaanssprekendes wat aan die taaldebat deelneem, blyk die primêre bron van kommer die onmiskenbare feit te wees dat Afrikaans sy sogenaamde hoër funksies een vir een aan Engels afstaan en dan die kernkwessie, of Afrikaans op die lang termyn sy plek as taal van openbare kommunikasie sal behou.[11] Steyn (2001: 129) verwys na die suksesse en prestasies wat die Afrikaanse taalgemeenskap beleef het, byvoorbeeld die vestiging van *LitNet* en KykNET, die verskyning van goeie boeke, en die goeie gehalte van Afrikaanse koerante en tydskrifte.

11 Vgl Carstens 2004: 6, Giliomee & Schlemmer 2001: 117, Kriel 1997: 75, Van Coller 2006: 3.

Die outeur waarsku egter ook dat hierdie, meestal private inisiatiewe van individue en ondernemings, nie kan herskep wat regeringsinstansies en talle groot private ondernemings vernietig het nie.

## 6.4 Heterogene taalgemeenskap

Dit is duidelik uit die debat oor Afrikaans dat Afrikaanssprekendes 'n heterogene taalgemeenskap met uiteenlopende menings is. Giliomee (2004) voer aan dat ná 10 jaar van 'n inklusiewe demokrasie die Afrikaners nie meer 'n volk in die ou terme is nie, maar 'n veelrassige taalgemeenskap met 'n besondere geskiedenis. Steyn (1980: 120) meld in dié verband dat mense wat dieselfde taal praat nie vanselfsprekend 'n eenheid vorm nie.

Wat betref Afrikaanssprekendes se taalgroepidentiteit meld Neville Alexander dat 'n kollektiewe identiteit vir alle Afrikaanssprekendes 'n "verbeelde identiteit" is. Volgens hom moet identiteit iets wees wat op 'n natuurlike manier ontwikkel. Volgens Alexander,

> Merk [mens] nou al hoe die jong Afrikaanse mense, wit en bruin, wat nie die bitterheid en bagasie van die verlede ken nie, spontaan na mekaar groei, en dit kan moontlik in die toekoms 'n nuwe identiteit meebring (Dawie 2004).

## 6.5 Verskuiwing in taaltrou

Volgens De Klerk & Bosch (1998: 43, 44) voel alle moedertaalsprekers van Afrikaans nie dieselfde oor hulle taal nie, en is daar 'n merkbare verskuiwing in taaltrou ten gunste van Engels besig om in Suid-Afrika plaas te vind. Dit is onder meer waarneembaar in die konstante toevoer van veral wit Afrikaanssprekende ouers wat hulle kinders in Engels laat onderrig.[12] Volgens De Klerk & Bosch (1998: 45) word algemeen aanvaar dat Afrikaanssprekendes meer tweetalig as Engelssprekendes in Suid-Afrika is, of dat hulle minstens meer bereid is om hulle tweede taal in te span om 'n luisteraar te akkommodeer. Die outeurs voer ook aan dat 'n groeiende, positiewe houding teenoor Engels onder Afrikaanssprekendes aanwesig is en dat

12 Vgl De Klerk & Bosch 1998: 45, Giliomee 2005: 278, *Insig* 2001: 38-41, Kotzé 2007 & 2006a: 6, *Die Burger* 2006.

'n verbloemde prestige aan die vermoë om Engels te praat gekoppel kan word (vgl ook Steyn 1996: 12).

## 6.6 Skuldgevoelens oor die verlede

Volgens Scholtz (2007b: 15) is daar sommige Afrikaanssprekendes wat "lou oor hulle taal is," wat hulle nie wil identifiseer met wat hulle as 'n agterhaalde ideologie beskou nie, en gevolglik is hulle ook nie bereid om die sigbare agteruitgang van Afrikaans te keer nie. King (2001: [1]) en Steyn (2001: 130) voer weer aan dat baie Afrikaners hulle aan selfbejammering en oordrewe politieke korrektheid oorgegee het, terwyl skuldgevoelens oor die verlede sommige heeltemal laat onttrek het. Volgens Steyn (2001: 130) is die bewusmaking van Afrikaans 'n moeilike taak in 'n taalgemeenskap wat verdeel en verlam is deur selfbejammering en politieke korrektheid. Verder lei dit, volgens King (2001: [1]), onder meer daartoe dat min Afrikaanssprekendes eerste hulle moedertaal gebruik wanneer hulle met 'n vreemdeling gesels — hulle begin in Engels. King (2001: [6]) stel voor dat Afrikaanssprekendes sal moet vasstaan en selfs kragdadig moet optree om hul taal te handhaaf (vgl ook Carstens 2006b: 14).

Giliomee (2005: 277) is van mening dat, vanweë die sterk premie wat apartheid op die "volkseie" geplaas het, die nuwe geslag wit Afrikaanssprekendes huiwerig is om verantwoordelikheid vir Afrikaans te aanvaar en te agiteer teen die grootskaalse afskaling van Afrikaans as openbare taal. Teen die einde van die 1990's was die handhawing van hulle taal en kultuur vir Afrikaners die laagste op hulle prioriteitslys (Giliomee 2005: 277). Du Toit (2003 :193) meld weer dat dit onder die druk van politieke korrektheid en op die golf van transformasie en regstellende aksie is wat Afrikaanssprekendes, in 'n postapartheid-Suid-Afrika, met skroomvalligheid na hulle moedertaal en sy status en funksies in Suid-Afrika begin kyk het. Tog is Scholtz (2007b: 15) van mening dat juis jong wit mense vandag toenemend bereid is om vir onder meer Afrikaans te veg. Volgens hom het byvoorbeeld die sanger Bok van Blerk se lied oor generaal Koos de la Rey 'n aar by jong wit mense raakgeboor.

Uit bogenoemde blyk dit dat Afrikaans geensins 'n neutrale Suid-Afrikaanse taal is nie. Volgens De Kadt (1996: 187) lewer die simboliese

betekenis van Afrikaans twee uiterste pole op, naamlik: 'n passievolle identifisering daarmee deur diegene wat Afrikaans as simbool van Afrikaneridentiteit beskou, of daarenteen 'n ewe sterk afkeuring van Afrikaans deur diegene wat daagliks onder die effek van Afrikanerpolitiek gelei het.

## 7. Nuwe energie rondom Afrikaans

Hoewel Afrikaanssprekendes in baie opsigte nog 'n verdeelde Afrikaanse taalgemeenskap is en die debat oor Afrikaans waarskynlik nog nie naby sy einde is nie, kan gemeld te word dat verskillende inisiatiewe in die afgelope jare onderneem is om die posisie van Afrikaans in 'n demokratiese Suid-Afrika te ondersoek en te bevorder. Onder meer het die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA), 'n subkomitee van Pansat, in September 2003 'n landwye taaloudit vir Afrikaans aangevra. Die doel hiervan was om vas te stel wat die Afrikaanse gemeenskap self 10 jaar na demokratisering deur middel van verskeie instansies en projekte in die belang van Afrikaans gedoen het. Die oudit is suksesvol in 2004 voltooi en tydens 'n Afrikaanse Taalberaad in Augustus van die genoemde jaar in Stellenbosch bespreek (Prinsloo 2004: 1).

Tim du Plessis, oudredakteur van *Rapport*, is positief oor die inisiatiewe wat ná die eerste tien jaar van 'n demokratiese Suid-Afrika uit die Afrikaanse geledere kom, dit ten spyte van die statusverlies wat Afrikaans in die eerste tien jaar van demokratisering gelei het. Na aanleiding van die Afrikaanse Taalberaad wat in 2004 in Stellenbosch gehou is, meen Du Plessis dat verskuilde politieke agendas uit die weggeruim is en dat "wit en bruin Afrikaanspraters skouer aan skouer in die projek loop" (Du Plessis 2004: 20).

Buys (2004) dui aan dat hoewel dit nog te vroeg is om te praat van 'n grootskaalse herlewing, daar by die Afrikaanssprekende gemeenskap 'n nuwe energie, na die eerste 10 jaar van 'n demokratiese Suid-Afrika, losgekom het. Hierdie energie verteenwoordig juis nie 'n "laertrek-isolasiementaliteit nie, maar 'n nuwe selfvertroue met die moed om 'n uitwaartse beweging te wees". Hoewel hierdie beweging verskeie vertakkings en verskyningvorme het, is daar volgens Buys (2004) 'n gemeenskaplike geloof in 'n Afrikaanse toekoms.

Toenemend positiewe uitsprake word oor Afrikaans gemaak en selfs uit geledere waar dit nie altyd verwag word nie. Waar Afrikaans nog ongeveer 15 jaar gelede as taal van die onderdrukker beskou is, het die taal grootliks 'n ommekeer gemaak (Prins 2006). Ook gaan meer stemme op, danksy onder meer die Afrikaanse kunstefeeste, wat voel dat "Afrikaans die borsrok wat hy vroeër gehad het, van hom afgewerp het, dat hy loslit en vry kan wees, en dat hy al sy sprekers en alle funksies kan huisves" (Giliomee 2004). Kotzé (2006a: 6) merk op dat meer en meer gewone landsburgers 'n sensitiwiteit oor taalsake ontwikkel, met die potensiaal om nog geweldig te groei.

Waarskynlik is een van die hoogtepunte wat betref die nuwe energie wat rondom Afrikaans posgevat het, die stigting van die Afrikaanse Taalraad op 24 Mei 2008 in Wellington. Sowat 100 wit en bruin afgevaardigdes van 40 Afrikaanse organisasies, wat nagenoeg 500 000 Afrikaanssprekendes verteenwoordig, het die stigtingsvergadering bygewoon. Die aanloop tot die stigting van die Afrikaanse Taalraad het egter reeds in September 2003 begin (*Paarl Post* 2008).

Volgens professor Wannie Carstens, voorsitter van die bestuur van die Afrikaanse Taalraad, het die Afrikaanse Taalraad ten doel om 'n netwerkskeppende en inklusiewe liggaam vir Afrikaans te wees, wat Afrikaanse belange kan koördineer ten einde Afrikaanse organisasies se hulpbronne en energie maksimaal te benut. Verder onderskryf die Afrikaanse Taalraad veeltaligheid en stel dit ook as doel om ander tale te bevorder (*Beeld* 2008, Rademeyer 2007b). Die bestuur van die Afrikaanse Taalraad het reeds fokusareas, byvoorbeeld die Afrikaanse jeug, tweede- en derdetaalsprekers van Afrikaans, onderwys in Afrikaans, en bemagtigingsprojekte in Afrikaans, geïdentifiseer (*Paarl Post* 2008).

## 9. Slotbeskouing

Uit hierdie sintese oor die ontstaan, geskiedenis en huidige posisie van Afrikaans is dit duidelik dat Afrikaans 'n moderne en inheemse taal is, waarvan die ontstaan direk met die geskiedenis van Suid-Afrika verband hou. Hoewel Afrikaans die derde grootste huistaal in Suid-Afrika is, wys Du Toit (2003: 192) tereg daarop dat die krag en waarde

van 'n taal nie geleë is in die feit van hoeveel mense dit as moedertaal praat nie, maar eerder die sprekers se mate van strewe na vryheid en selfverwesenliking in die moedertaal. Kennelik dra getalle álleen ook nie binne die veeltalige konteks van Suid-Afrika gewig nie, want dan sou Zulu en Xhosa baie groter aansien moes geniet.

Uit die beskouing van Suid-Afrika se taalbedeling voor 1994 is dit insiggewend dat hoewel Afrikaans in 1925 die status van 'n amptelike taal, naas Engels en Nederlands gekry het, dit nie tot met 1948 werklik enige mag gehad het nie. Die wetlike en gemarginaliseerde posisie waarin Afrikaans na 1994 is, is dus nie heeltemal onbekend in die taal se geskiedenis nie. Die taal is dus nou weer in 'n posisie waar daar, soos voor 1948, op die sprekers van die taal staat gemaak word vir vooruitgang en groei op haas alle terreine. En hierdie posisie is gewis beter as die halwe eeu van apartheid waartydens Afrikaans die etiket as taal van die onderdrukker gekry het. Naas hierdie etiket het die apartheidsjare ook verseker dat wit en bruin Afrikaanssprekendes afsonderlik en weg van mekaar gegroei het. Maar, danksy die veeltalige en multikulturele samelewing sedert 1994, kon die twee groepe met moeite en deur middel van dikwels pynlike prosesse daarin slaag om onder die vaandel van Afrikaans op 24 Mei 2008 te verenig tydens die stigting van die Afrikaanse Taalraad.

Afrikaans is dus nie uniek in die opsig dat dit probeer om 'n plek in 'n veeltalige Suid-Afrika uit te bou nie, hierdie strewe word met minstens nege ander tale gedeel. Die apartheidspolitiek en gevolge daarvan vir Afrikaans, is wel uniek tot Afrikaans as Suid-Afrikaanse taal en bied waarskynlik steeds die grootste uitdaging wat deur sprekers van die taalgroep oorkom moet word. Hierdie uitdaging is op verskeie maniere verskuil in die harte van die Afrikaanssprekendes, hetsy dit gaan oor vooroordele tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes, 'n onwilligheid om die heterogene aard van die taalgemeenskap te erken of skuldgevoelens oor die verlede wat tot skroomvalligheid lei.

Dit kom uit hierdie sintese na vore dat die geskiedenis, rasdiversiteit en wye gebruik van Afrikaans aan die taal 'n besondere geleentheid gee om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n veeltalige Suid-Afrika. Dit is egter, weens 'n tekort aan navorsing, onbekend hoe Afrikaanssprekendes die dag-vir-dag-praktyk van 'n

veeltalige Suid-Afrika ervaar. Webb (2004a: 102) voer aan dat dit belangrik is om te verstaan waarom mense Afrikaans gebruik of nie, die doelwitte wat hulle wil bereik, funksies wat hulle daarmee wil verrig en die identiteit wat hulle daarmee wil oordra. Hierdie leemte behoort dringend aangespreek te word om te verseker dat besluite wat Afrikaanssprekendes raak, gebaseer word op begrip en akkurate inligting oor die behoeftes, voorkeure en houdings van die Afrikaanse taalgemeenskap.

## Bibliografie

ALANT J
2007. Oor bemagtiging, taal en die Afrikaans-debat in die Coca-Cola-demokrasie. *Litnet Akademies* 4 (Mei).

*BEELD*
2008. Afrikaanse Taalraad gestig wat halfmiljoen verteenwoordig. *Beeld* 25 Mei. <http://www.news24.com/Beeld/SuidAfrika/0113-9752328862,00.html>

BEZUIDENHOUT R
2007. Leivore in 'n droë Afrikaanse landskap. *Rapport* (Perspektief-bylaag) 21 Januarie. <http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2007/01/19/RU/8/roofs.html>

BOTHA T J R (red)
1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. 2de uitg. Pretoria: Academica.

BRAND G
2004. Leemtes en behoeftes met betrekking tot Afrikaans. Prinsloo (red) 2004: 87-97.

BUYS F
2004. Daar's weer lewe ná tien jaar. *Rapport* 20 November. <http://www.neews24.com/Rapport/Standpunte/0,7718,752-823_1624271,00.html>

CARSTENS A & H GREBE (reds)
2001.*Taallandskap: huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik.

CARSTENS S
2007a. G'n Afrikaans hier, sê regter. *Rapport* 13 Mei: 9.

2007b. Sielkundige wil RGB hof toe vat oor Afrikaans. *Rapport* 14 Januarie: 7.

CARSTENS W A M
2001. Die taalbewegingsdebat in perspektief — ou wyn in 'n nuwe vat. Carstens & Grebe (reds) 2001: 8-11.

2004. Afrikaans — tien jaar later (1994-2004). Ongepubl referaat gelewer tydens simposium van SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Potchefstroom 25 Junie: 1-20.

2006a. Die breë debat (1994-2005) oor die toekoms van Afrikaans: Enkele temas en inisiatiewe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Supplement – Moedertaalonderrig) 46(2): 12-36.

2006b. Praktiese meertaligheid in Suid-Afrika — feit of fiksie? *Tydskrif vir Taalonderrig* 40(1): 1-19.

CLAASSEN C
2007. Gebruik enige landstaal. *Tshwane-Beeld* 29 Augustus: 2.

Cloete E
1992. Afrikaner Identity: culture, tradition and gender. *Agenda* (13): 42-57.

Dawie
2004. Kanaliseer geesdrif vir Afrikaans na praktyk. *Die Burger* (Oos-Kaap) 28 Augustus: 22.

2007a. Polisie moet tale van gemeenskap eerbiedig. *Die Burger* (Oos-Kaap) 27 Januarie: 18.

2007b. Ontlont die debat oor nuwe plekname só. *Die Burger* (Oos-Kaap) 2 Junie: 18.

De Kadt E
1996. Language and apartheid: the power of minorities. *Alternation* 3(3): 184-94.

De Klerk V & B Bosch
1998. Afrikaans to English: a case study of language shift. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 16(2): 43-51.

Deprez K & T du Plessis (eds)
2000. *Multilingualism and government. Studies in language policy in South Africa*. Pretoria: Van Schaik.

De Vries A
2004. Onderrig in moedertaal geknou. *Rapport* 10 Oktober: 3.

2007. Neo-voortrekkervrou. *Insig* Mei: 52-55.

De Wet H
2004. Die Afrikaanse kultuurstryd as gevolgde model vir die bevrydingsbewegings van Suid-Afrika. Van Rensburg (red) 2004: 69-72.

*Die Burger*
2006. Moedertaalonderrig kardinaal. *Die Burger* 21 Februarie. <http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2006/02/21/DB/9/michael.html>

2007. 'Afrikaans hét toekoms in SA'. Bylae by *Die Burger* (Oos-Kaap) 18 Mei.

Du Plessis H
2000a. Toi jou toi in Afrikaans. *Die Taalgenoot* 69(8&9): 22.

Du Plessis T
2000b. South Africa: from two to eleven official languages. Deprez & Du Plessis 2000: 95-110.

2004. Dinge begin roer op die taalakker. *Rapport* 11 Julie: 20.

2007. Verloor-verloor (hoofartikel). *Rapport* 2 September: 16.

Du Toit J B
2002. Taaldiversiteit in 'n geglobaliseerde samelewing. *Litnet*. <http://www.litnet.co.za/taaldebat/dutoit.asp>

2003. Die bydrae van Afrikaans

tot die bevordering van veeltaligheid. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 43(3&4): 189-99.

Du Toit Z B
2000. Die Afrikaner in 'n oorlewingskrisis: 'n nuwe uitdaging aan sy werklikheidsbegrip. Ongepubl lesing aangebied by Sabra se vyf-en-twintigste HF Verwoerd-gedenklesing, Orania 8 September.

2005. Akademie kap US se 'verengels'-besluit. *Rapport* 25 September: 2.

2007. Afrikaans kort beskerming. *Rapport* 27 Mei: 18.

Eloff T
2007. Is daar 'n 'nuwe Afrikaner' vir die 'nuwe Suid-Afrika'? Ongepubl lesing aangebied by die FAK-Prestigeaand, Potchefstroom 21 September.

Erasmus P
2003. Taal en die magsdinamika van die Afrikaner: 'n antropologiese perspektief. *Acta Academica Supplementum* 2003(2): 83-103.

Fredericks I
2007. FW-stigting dalk hof toe oor taaltwis met polisie. *Die Burger* (Oos-Kaap) 25 Januarie: 1.

Gaum F
2007. Nuwe brugbou-organisasie nodig vir 'Afrikaanses.com'. *Rapport* 14 Januarie: 15.

Gericke M
2006. Afrikaans speel tweede viool. *Ons Stad* 17 Augustus: 2.

Geyser O, M J Swart & P H Kapp (reds)
1998. *Keur uit Handhaaf: 'n keur uit die artikels wat in Handhaaf verskyn het*. Bloemfontein: Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.

Giliomee H
1992. Broedertwis: intra-Afrikaner conflicts in the transition from Apartheid. *African Affairs* 91(364): 339-64.

2001. *Die taal- en kulturele uitdagings van die histories Afrikaanse universiteite in Suid-Afrika*. D F Malherbe-gedenklesing 20. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

2004. Noodsaak vir gedeelde Afrikaanse geskiedenis. *Die Burger* (Oos-Kaap) 13 April: 16.

2005. 'n Algemeen geldende basis vir Afrikaans? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 45(2): 276-82.

2007. Duidelike keuses vir US en sy nuwe rektor (Donderdag aktueel). *Die Burger* (Oos-Kaap) 25 Januarie: 12.

Giliomee H & B Mbenga
2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee H & L Schlemmer
2001. *Kruispad – die toekoms van*

*Afrikaans as openbare taal*. Kaapstad: Tafelberg.

GOOSEN D & J ROSSOUW
2007. 'n Afrikaanse 'ons' om taal te laat gedy. *Rapport* 12 Augustus: 21.

GOUWS T
1996. Post modern identity: history, language and cultural différence or: The true colours of the rainbow nation. *New Contree* (40): 13-25.

IMPACT INFORMATION & STRATEGIC DIAGNOSTICS (II & SD)
2001. Ons is nie almal só nie. *Finansies en Tegniek* 24 Augustus: 8-10.

*INSIG*
2001. In watter taal leer jy jou kind? September: 38-41.

JANSE VAN RENSBURG N
2007. Taalbeleid geïgnoreer (lesersbrief). *Die Burger* (Oos-Kaap) 29 Januarie: 8.

KING T
2001. Die Afrikaanse gemeenskap se standpunt oor universiteite: Wat is die oplossing? Gesprek by Klein Karoo Nasionale Kunstefees, Kleinplaas, Suid-Afrika, 9 April: 1-7.

KORF L
1998. Die sosiale identiteit van 'n groep stedelike Afrikaanssprekendes in die postapartheid Suid-Afrika. Ongepubl PhD proefskrif in Psigologie. Vereeniging: PU vir CHO.

KOTZÉ E
2006a. 'n Prognose vir Afrikaans. *Nuusbrief van die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* 44(4): 6.

KOTZÉ J C
2007. Taal bepaal jou prestasie (lesersbrief). *Die Burger* (Oos-Kaap) 10 September. <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2007/09/10/SK/10/0609kotze.html>

KRIEL M
1997. Taal en sedes: die nasionalistiese en religieus-morele waardes onderliggend aan taalpurisme. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 15(3): 75-85.

LEYDEN M
2008. Wie is Danny Titus? *Die Taalgenoot* (Julie/Augustus): 46-48.

*LITNET*
2006. Taaldebat. <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news&cat=214&cause_id=1270>

LLOYD J
2002. Sonder eenheid is stryd tevergeefs. *Rapport* 14 April: 15.

LUBBE H J
2001. Inhoudsontleding van die gesprek rondom Afrikaans in die gedrukte media vir die tydperk

April 1994 tot 1996. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 41(2): 81-92.

LUBBE H J & E J J TRUTER
2005. Taalregte van minderheidsgroepe: 'n basiese mensereg, 1. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 45(1): 29-38.

MAARMAN J
2007. Bruin Afrikaanses US se taak. *Rapport* 29 Julie: 6.

MAARTENS J
1995. Language maintenance in South Africa: hoarding dreams, hiding the springs of identity. *Alternation* 2(2): 159-69.

MALAN M
2006. Afrikaanses moet hef in hand neem. *Rapport* 3 September: 11.

2007. Brandon sing graag Afrikaans. Bylae by *Die Burger* (Oos-Kaap) 25 Mei. <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2007/05/25/OJ/5/oosbrandon.html>

MESTHRIE R (ed)
1995. *Language and social history: studies in South African sociolinguistics*. Kaapstad: David Philip.

NEL E P
2007. Wekroep vir Afrikaanses oopgevlek. *Rapport* (Perspektiefbylaag) 6 Mei: 4.

O'CONNOR M
2006. Voordrag oor Afrikaans gelewer. *Volksblad* 18 Augustus. http://152.111.1.25/argief/berigte/volksblad/2006/08/18/VB/2/morekfore.html>

*PAARL POST*
2008. Historiese taalraad vir Afrikaans in Wellington gestig. 29 Mei. <http://www.paarlpost.com/cgib/article?newsid=11482>

PENSTONE K
2002. Township talk. *Marketing Mix* 20(4): 12-3.

PHOSA M
2007. Toi-toi vir dié taal-swaan. *Die Burger* (Oos-Kaap) 18 Augustus: 15.

PIENAAR L
2004. Die Soweto-onluste van 16 Junie 1976 en die gevolge daarvan vir Afrikaans. Van Rensburg (red) 2004: 133.

PONELIS F A
1989. Nederlands-Afrikaans: die Europese agtergrond van Afrikaans. Botha (red) 1989: 38-71.

PRINS J
2006. Afrikaans herleef in nuwe SA, meen omroeper. *Die Burger* (Oos-Kaap) 15 Augustus: 3.

PRINSLOO K (red)
2004. Taaloudit oor Afrikaanse taalprojekte, verenigings en energieë. Ongepubl verslag aangebied by die Afrikaanse Taalberaad, Stellenbosch 25-27 Augustus: 1-107.

RADEMEYER A

2005. Kongres doen beroep op Mbeki: 'Behou Pretoria se naam'. *Beeld* 19 November: 6.

2006a. Gee inheemse tale markwaarde. *Beeld* 4 September: 8.

2006b. Afrikaner se plek nou net as 'sondaar'. *Beeld* 28 Januarie: 17.

2006c. Twee kenners doen voorstelle om Afrikaans te beskerm. *Beeld* 4 Maart: 7.

2007a. Skole 'moet voorbeeld volg' oor veeltaligheid. *Die Burger* (Oos-Kaap) 25 Mei: 9.

2007b. Forum vir Afrikaans wil taalbelangeraad stig. *Die Burger* 6 Augustus: 3.

*Rapport*
2008. BBI wil gemeenskappe help bemagtig en verval keer. 6 Julie. <http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2008/07/07/RH/9/jjbruin1.html>

Roberge P T
1995. The formation of Afrikaans. Mesthrie (ed) 1995: 68-88.

Rooi J
2007. Bruines: stig forums vir eie ontwikkeling. *Rapport* 29 Julie. <http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2007/08/16/RH/20/Rubjac.html>

Rossouw J
2007. Op pad na 'n nuwe ons. *Die Burger* (Oos-Kaap) 22 Augustus: 2.

Scholtz L
2001. Omvang van taalsterfte is totaal sonder weerga. *Die Burger* 1 Junie: 10.

2007a. Hoekom ek Afrikaner is ... oor ek een ís (Sake van die dag). *Die Burger* (Oos-Kaap) 11 Mei: 14.

2007b. Afrikaans: As dit jou reg is, mág jy dit opeis (Sake van die dag). *Die Burger* (Oos-Kaap) 26 Januarie: 15.

2008. As jou taal jou woonplek bepaal. *Beeld* 27 Februarie: 16.

Senekal J H
1998. Afrikaans — Die toekoms. Geyser *et al* 1998: 90-6.

Sidego C
2007. Nie soos stootskraper. *Die Burger* (Oos-Kaap) 19 September: pp?.

Slabbert F V
2007. 'n Volhoubare plek vir Afrikaans. *Litnet Akademies* 4 (Mei).

Smith C
2007. Tale 'meer bedreig as plante en diere'. *Die Burger* (Oos-Kaap) 20 September. <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2007/09/19/SK/11/forum19sept.html>

Statistics South Africa (StatSA)
2004. Census 2001: primary tables, Census '96 and 2001 compared, report no. 03-02-04 (2001).

Pretoria: Statistics South Africa. <http://www.statssa.gov.za/census01/html/RSAPrimary.pdf>

STEYN J C
1980. *Tuiste in eie taal: die behoud en bestaan van Afrikaans.* Kaapstad: Tafelberg.

1988. *Trouwe Afrikaners: aspekte van Afrikaner-nasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938*. Kaapstad: Tafelberg.

1996. Hoe kan Afrikaans oorleef? *Aambeeld/Anvil* 6(4): 10-2.

1997. Dít laat Afrikaans kwyn. *Insig* September: 8.

2001. Afrikaans 2000: nuwe suksesverhale en terugslae. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 41(2): 118-30.

STONE A
2007. Moenie laer trek met Afrikaanse taal (Lesersbrief). *Rapport* 21 Januarie: 17.

SWART M J
1987. *Ons voortbestaan — die kultuurstrewe van die Afrikaner*. Pretoria: Oranjewerkers Promosies.

VAN COLLER H
2006. Voorsittersrede 23 Junie 2006. *Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* 44(3): 1-4.

VAN DER MERWE K
2007a. Afrikaner. Bylae by *Die Burger* (Oos-Kaap) 15 September: 6.

VAN DER MERWE L
2007b. 'n Bedreigde spesie? Stil-stil vergaan Afrikaanse Taalkunde aan die universiteit. *Die Vrye Afrikaan* 17 Augustus: 8.

VAN DER RHEEDE C
2006. Dié stemme word nie gehoor in taaldebat. *Rapport* 23 Julie: 19.

2007. Laat vaar eers die 'ons' en 'hulle' in Afrikaans. *Rapport* 19 Augustus: 21.

VAN DER ROSS R E
1997. Bruines verwyt nie. *Insig* September: 13-4.

VAN RENSBURG, F I J
2007. Naamgewing as stellingnaam. *Die Vrye Afrikaan* 17 Augustus: 5, 9.

VAN RENSBURG F I J (red)
2004. *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik.

VAN RENSBURG F I J, E F J MALHERBE & K J H LANDMAN
2001a. *die Grondwet en veeltaligheid – is veeltaligheid ons erns?* Kaapstad: Die Vrydaggroep.

2001b. *Taalverskuiwing sedert 1994 – die prosesse van bevoorregting, ontmagtiging en verwaarlosing*. Kaapstad: Die Vrydaggroep.

VAN RENSBURG M C J

1992. Die demokratisering van Afrikaans. Webb (red) 1992: 183-94.

VAN RENSBURG N G L
1993. 'n Perspektief op kommunikasie in 'n post-apartheidsera in Suid-Afrika met spesifieke verwysing na die rol van Afrikaans. Ongepubl MA verhandeling Dept Afrikaans. Grahamstad: Universiteit Rhodes.

VERSLUIS J
2005. Afrikaans onder vergrootglas op taalberaad. *Volksblad* 15 Augustus. <http://152.111.1.25/argief/berigte/volksblad/2005/08/15/UB/ik/01.html>

WEBB V N (red)
1992. *Afrikaans na apartheid*. Pretoria: Van Schaik.

WEBB V N
1998. Volk, nasie en Afrikanerdom – 'n sosiolinguistiese ontleding. Geyser *et al* (reds) 1998: 49-51.

2001. Die bevordering van Afrikaans. Carstens & Grebe (reds) 2001: 169-71.

2002. *Language in South Africa: the role of language in national transformation, reconstruction and development*. Amsterdam: John Benjamins.

2004a. Taalbeplanning vir Afrikaans: een moontlike denkraamwerk en implikasies daarvan vir Afrikaans. Prinsloo (red) 2004: 98-104.

2004b. 'n Taalbeplanningsdenkraamwerk en die implikasie daarvan vir Afrikaans. Ongepubl referaat tydens die Afrikaanse Taalberaad, Stellenbosch, 25 Augustus.

WYNGAARD H
2005. Sit groepsnaam boaan sakelys vir Afrikaanses. *Rapport* 30 Januarie: 14.

2006. Afrikaans as voortrekker kan ander help. *Rapport* 20 Augustus: 18.

2007a. Erfenisdag: Lang pad na Afrikaanse 'ons'. *Rapport* 23 September: 17.

2007b. 'n Afrikaanse 'ons': sinisme vs. idealisme. *Rapport* 26 Augustus: 20.

ZIETSMAN P H
1992. *Die taal is gans die volk: woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

1999. 'n Identiteit aan't verander.